MGK Groep Elektroniese Nuusbrief

Junie 2010

Hoogtepunte

Statusfin in lyn met jou risiko

Prodsure bied bemarkings-strategie produkte

Sorghum for brewery

Damstand

Mei 2010 (%)

Dam	Mei	
Allemanskraal	81.2	↓
Bloemhof	98.8	↓
Blyderivierpoort	100.4	↓
Bon Accord	104.5	↓
Bronkhorstspruit	101.2	↑
Buffelspoort	100.9	↑
Dap Naudé	100.2	↓
Elandskuil	105	↑
Erfenis	88.2	↓
Flag Boshielo	103.4	↑
Hartbeespoort	99.2	↑
Klein Maricopoort	58.5	↑
Klipvoor	101.4	↑
Koppies	98.7	↓
Lindleyspoort	100.3	↑
Loskop	101	↑
Middelburg	96.3	↓
Mokolo	101.8	↑
Ohrigstad	71.1	↑
Olifantsnek	99.6	↑
Rietspruit	100.7	↑
Rietvlei	100.5	-
Roodekopjes	103.5	↑
Roodeplaat	100.4	↑
Rust De Winter	101.4	↑
Swartruggens	101.2	↑
Vaal	100.6	↑
Vaalharts	53.1	↓
Vaalkop	101.2	↑
Warmbad	103.2	-
Witbank	103.1	↑

Nuttige skakel

www.dwaf.gov.za
www.namc.co.za
www.landbou.com

Ben sê: "MGK is trots Suid-Afrikaans."

Mei en Junie is bedrywige maande in Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis. Nie net is die Super 14 finaal tussen twee Suid-Afrikaanse spanne in Soweto uitspeel nie, maar die Comrades Marathon se 85ste wedloop is ook aangebied. Nou word die slapies getel tot die Sokker Wêreldbeker waarvoor almal so lankal wag…

MGK is saam met Suid-Afrika opgewonde oor die sportgeleentheid wat gaan plaasvind, dit is 'n baie goeie ekonomiese inspuiting vir die land en dit plaas ons ook op die "map." Die hele Suid-Afrika was tot stilstand geroep tydens die Super 14 finaal in Soweto, net so is die opgewondheid oor die sokker aansteeklik. As jy nog nie die sokkerreëls ken nie, nog nie 'n sokkertrui besit of 'n vuvuzela kan blaas nie, is dit nog nie te laat nie.

MGK Groep het ook 'n besige Meimaand beleef met die Afgri Laeveld winkels se oorname wat plaasgevind het. MGK is trots om te sê dat die oorname 'n reuse sukses was en dat besigheid in volle swang is.

Trek jou sokkertrui aan, blaas 'n vuvuzela, dans die diski dans en geniet die sokker saam met die wêreld.

Wen met Obaro Rooikolpromosie

Die Obaro Rooikolpromosie word elke tweede maand aangebied by alle Obaro winkels. Tydens dié promosies kan kliënte groot afslag kry op 'n wye verskeidenheid produkte.

Dié maand se Rooikolpromosie begin 24 Junie, is geldig tot 1 Julie 2010 en die promosie fokus op veevoere en omheiningsmateriaal. Die SMS kompetisie wat aangebied word tydens die promosie is ook baie populêr en kliënte kan inskryf deur die antwoord van 'n maklike vraag te SMS na 31560. Wenners word deur 'n gelukkige trekking bepaal en staan 'n kans om 'n geskenkbewys van Obaro ter waarde van R500.00 te wen. Koste beloop R 3.00 per sms.

Die wenners van die afgelope twee SMS kompetisies was albei van Pretoria, Mnre. Johan Bouwer en Hannes Swart het onlangs hul geskenkbewyse in ontvangs geneem van Mnr. Braam de Beer, Takbestuurder Obaro Wonderboom. Hou gerus u plaaslike koerant dop vir die nuwe Rooikolpromosie en SMS kompetisie. Kry meer inligting by u naaste Obaro winkel of by www.obaro.co.za.

In lyn met die boer

PRODSURE STATUSFIN all-gro MGK GROUP • GROEP TEMO AGRI SERVICES INFOGRO obaro

© MGK Bedryfsmaatskappy Edms. Bpk. 2010

Reënval
Mei 2010

Dorp	Mei-10	
Alma	27	↑
Brits	68	↓
Dwaalboom	8	↓
Groblersdal	0	↓
Hartswater	0	↓
Koedoeskop	0	↓
Komatipoort	0	-
Lephalale	0	-
Lydenburg	0	↓
Magaliesburg	0	-
Marble Hall	7	↓
Naboomspruit	0	-
Northam	0	↓
Potgietersrus	13	↓
Pretoria	44	↓
Rustenburg	84	↑
Skuinsdrift	0	-
Thabazimbi	0	-
Vaalwater	0	-
Wonderboom	0	↓

Laat reënval benadeel sojaboonopbrengste

Vanjaar se laat reënval in die somerreënvalstreek het die landbousektor redelik onkant gevang.

Aprilmaand se reënvalsyfers toon ongewone syfers vir dié tyd van die jaar en dit is juis wat die sojaboonoes tot 'n groot mate benadeel het. Meeste sojabone was fisio-logies gereed om droog te word voordat dit gestroop kon word toe die reën neersak.

Alhoewel sojabone groot wissel-bouvoordele inhou veral saam met mielies, presteer sojabone nie goed in versuipte grond nie. Sojabone is ook goed aangepas by kleigrond, mits dit diep en goed gedreineer is. Daarom het sekere streke meer gemufde bone opgelewer as ander streke as gevolg van die grond in die betrokke streek se dreineringsvermoë. Boere van die Brits, Atlanta en Makoppa streek het veral skade gelei as gevolg van dié streek se kleigrond wat nie vinnig water dreineer nie.

Kenners se raad is om volgende jaar swamdoders toe te voeg en beslis wisselbou toe te pas om die ergste skade by sojabone te voorkom, indien die reënval gedurende Aprilmaand hoog is. Kontak gerus Obaro se Landbouontwikkelingafdeling vir advies oor sojaboonverbouing by 012 381 2973.

SA voedselinflasie beter as ontwikkelde lande

Enige verbruiker wat April 2009, R400 vir sy voedseltrollie betaal het, het April 2010 slegs R403,60 vir dieselfde trollie betaal.

Die verbruikersprysindeks wat gedurende Mei 2010 deur Statistiek Suid-Afrika vrygestel is, bevestig dat voedselpryse slegs met 0.9% gestyg het vanaf April 2009 tot April vanjaar.

Hierdie voedselinflasiestyging van 0.9% is nog ver onder die laagste limiet van die gewenste inflasiekoers wat die Monetêre beleidskomitee van die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank as doelwit stel.

Suid-Afrika se voedselinflasie is beduidend laer as die voedselinflasie van sekere ander Afrikalande asook heelwat ontwikkelde lande wat Brasilië en die Verenigde Koninkryk insluit.

Die persentasie van inkomste wat die armste bevolkingslede aan voedselaankope spandeer, het ook effens gesak volgens die Nasionale Landboubemarkingsraad se mees onlangse voedselprysmonitor in Mei 2010.

Die grootste sondebok vir verhoogde voedselpryse is suiker, lekkergoed, nageregte en vrugte terwyl koring, wit- en geelmieliemeel se pryse verlaag het.

Melk en sonneblomsaad het ook duurder geword. Verder het verbruikers wat hul kosmandjie gedurende April 2010 in die platteland gekoop het, R17.78 meer vir dieselfde kosmandjie betaal as wat dit in stedelike areas sou kos. Vir die volledige verslag van die Nasionale Landboubemarkingsraad kliek hier.

Vir meer inligting skakel
014 743 3565

Someroes Inligtingsdae 2010

29 Junie
Brits
Kontak Obaro Brits
012 252 3393

1 Julie
Atlanta
Kontak Obaro Brits
012 252 3393

3 Augustus
Lephalale
Kontak Obaro Lephalale
014 763 2119

4 Augustus
Marble Hall/Groblersdal
Kontak Obaro Groblersdal
013 262 2036

11 Augustus
Skuinsdrift
Kontak Obaro Skuinsdrift
014 504 0050

12 Augustus
Potgietersrus
Kontak Obaro Potgietersrus
015 491 6700

18 Augustus 2010
Thabazimbi
Kontak Obaro Thabazimbi
014 777 1557

24 Augustus
Dwaalboom
Kontak Obaro Dwaalboom
014 778 0611

25 Augustus
Koedoeskop
Kontak Obaro Koedoeskop
012 381 2930

1 September
Hartswater
Kontak Obaro Hartswater
053 474 0100

2 September
Bull Hill
Kontak Obaro Hartswater
053 474 0100

7 September
Ohrigstad
Kontak Obaro Lydenburg
013 235 4911

22 September
Magaliesburg
Kontak Obaro Magaliesburg
014 577 1340

12 Oktober
Wonderboom
Kontak Obaro Wonderboom
012 381 2935

Statusfin in lyn met jou risiko

Versekering kan beskryf word as 'n kontrak waar die versekeraar, onderneem om, in ruil vir betaling in die vorm van 'n premie, te vergoed vir die verliese wat deur die versekerde gely is weens 'n spesifieke gebeurtenis.

Boere bevind hulle tans in 'n onstabiele en onsekere boerdery-omgewing, veral ten opsigte van die ekonomie en die klimaatsverandering soos aardverwarming wat 'n groot uitwerking op almal het. Tesame met 'n wêreldekonomie wat nou herstel van 'n resessie, maak dit risikobeheer en bestuur onontbeerlik vir oorlewing.

Statusfin Makelaars bied die volgende produkte aan om elkeen die gemoedsrus te gee wat hy verdien:

- Korttermynversekering,
- Oesversekering,
- Risikobestuur,
- Bemiddelaar dienste,
- Risikobeheer.

Kontak Statusfin Makelaars by 012 381 2926 vir 'n gratis kwotasie en gee Statusfin die kans om in lyn te wees met jou risiko.

MGK vorder met oorname van AFGRI winkels

MGK het 'n bedrywige maand agter die rug met die oorname van die tien Afgri winkels wat teen 20 Mei afgehandel moes wees. Gelukkig het al die personeel ingespring, die ekstra myl geloop en die oorname proses het seepglad verloop en die doeldatum is behaal.

Die Afgri winkels in Thabazimbi, Brits en Groblersdal se deure is gesluit en geïnkorporeer by die bestaande Obaro winkels in dié dorpe. In Marble Hall en Vaalwater het die Obaro winkels oorgeskuif na die Afgri persele en dadelik begin besigheid doen. Die nuwe winkels in Komatipoort, Malelane, Barberton, Burgersfort en Hoedspruit se omsette lyk ook reeds goed onder die Obaro vaandel. Korrespondensie in verband met die hantering van oeslenings en maandrekening limiete, is reeds na alle kliënte wat voorheen met Afgri besigheid gedoen het, gestuur.

Kontak gerus u Obaro Takbestuurder vir enige navrae oor maandrekenings en oeslenings, sowel as kredietreëlings en voorraadbestellings. Vir kontakbesonderhede van u naaste Obaro winkel besoek die webtuiste by www.obaro.co.za.

'n Stoetboer in murg en been

" 'n Stoetboer word gebore, nie gemaak nie", so begin ons gesprek met mnr. Charl Uys, eienaar van die Marochel Bonsmara Stoet van Jan Kempdorp in die Vaalharts Skema. Uys het sy Bonsmara stoet oor die afgelope 17 jaar opgebou tot waar dit vandag is, met ongeveer 350 beeste van gesogte poenskop genetika. "Stoetboerdery verg intensiewe beplanning, stiptelikheid, akkuraatheid en goeie rekordhouding" voeg Uys by.

Sy opinie oor die toekoms en rol van Suid-Afrikaanse rooivleisprodusente: "Die toekoms van rooivleis-produsente in Suid-Afrika is besig om te verbeter. Ons lewer goeie gehalte vleis en kan kompeteer met die internasionale mark wat gehalte betref. Beeste bly egter 'n langtermyn boerdery wat baie aandag en geduld verg."

Uys maak gebruik van meerbul-parings en doen DNA ontledings op al sy beeste om vaderskap te bepaal. Sy hele stoet word vir prestasie getoets. Hy glo in deursigtigheid en akkuraatheid: "Die sukses van jou stoetboerdery word bepaal deur die betroubaarheid van jou as teler en van jou kudde."

Vir meer inligting oor die Bonsmara ras en telers, besoek gerus www.bonsmara.co.za.

Gespreksforum

Gesels saam:
Stuur enige standpunte, menings of voorstelle na:
rekjoubek@mgk.co.za

Relevante en nuttige advies of kommentaar sal deurgaans in die komende e-nuusbriewe verskyn.

Redaksie

Uitgegee en saamgestel deur die MGK Groep Kommunikasie-afdeling.

Vir meer besonderhede kontak:

Nic Bronkhorst
Bestuurder: MGK Groep Bemarkingskommunikasie

Tel: +27 (0) 12 381 2805
nicb@mgk.co.za
www.mgk.co.za

Prodsure bied bemarkingstrategie produkte

Basisverhandeling is beslis nie meer die mees doeltreffende wyse waarop die boer sy brood en botter kan verdien nie. Graan-kopers kompeteer op basisverhandeling en dus fokus hulle daarop om die laagste aftrekking vir die boer op 'n kontrak beskikbaar te stel.

Internasionale navorsing het getoon dat 80% van boere normaalweg onder die gemiddeld van die mark, prys vasmaak. Die redes hiervoor is dat die boer min geleenthede het om te prys weens die oesgrootte en die grootte van die SAFEX-kontrakte. Boere bestudeer ook nie daagliks marktendense, die wisselkoers en olieprys of vraag en aanbod inligting nie, omdat hierdie inligting nie geredelik beskikbaar is nie. Boere ondervind ook dat hulle 'n gebrek aan tyd het om al hierdie navorsing te doen. Boere het ook nie toegang tot interaksie tussen makelaars en kopers nie. Die emosie van die boer speel ook 'n rol.

Basisverhandeling het tot gevolg dat die boer 'n besluit op grond van R10 – R20 moet neem met watter instansie hy 'n kontrak gaan sluit, afhangende van wie die beste prys bied. Die belangrikste deel naamlik die prysing van die boer se graan oor die groeiperiode kry die minste aandag.

Prodsure bemark tans portefeuljeprodukte wat die boer in staat stel om 'n bemarkingstrategie te volg wat gemik is daarop om op prys te konsentreer in plaas van basisverhandeling. Twee portefeulje produkte is beskikbaar naamlik die gemiddelde prysportefeulje ('Mr. Average') en die risiko prysportefeulje ('Mr. Risk'). Die 'Mr. Average' portefeulje se prys vir die graan sal gelyk of naby aan die gemiddelde SAFEX-markprys wees oor die prysingsperiode van die portefeulje. Die 'Mr. Risk' portefeulje sal so bestuur word om te poog dat die prys vir die graan die geweegde gemiddelde SAFEX-prys oor die prysingsperiode kan klop.

Vir 'n verslag wat die portefeuljeprodukte volledig bespreek kliek hier of kontak Phillip Lee by 012 252 3778.

Sorghum for brewery

Several requirements need to be met for growing sorghum. The most important requirements are excellent hybrids, well drained soil, medium and stable rainfall, temperature range of 20 to 30 degrees Celsius, and a specific frost free period during the growth season.

Temo Agri Service's emerging farmers planted 975 hectare of sorghum on dry land in Jericho for brewery. It is important to plant sorghum for crop rotation, prevention of plant illness etc. Sorghum is also used for the purpose of silage, green chop, pasture and hay.

The emerging farmers of Temo are currently busy with the pillage of the sorghum on their lands. For more information visit www.temoagri.co.za.

Die MGK Nuusbrief is 'n inligtingsblad wat maandeliks deur MGK Groep saamgestel en uitgegee word. MGK aanvaar geen verantwoordelikheid vir aansprake wat in enige advertensies gemaak word nie en vereenselwig hom nie noodwendig met die menings en aanbevelings van derdes wat in artikels in die MGK Nuusbrief verskyn nie. MGK Groep sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat gely kan word na aanleiding van enige inligting wat in die MGK Nuusbrief gepubliseer word nie. Die redakteur behou die reg voor om, waar nodig, artikels te redigeer en stylaanpassings te maak.